DIE HUISGESIN VAN GOD

VERVUL JOU FUNKSIE IN DIE HUISGESIN VAN GOD
11 Junie 2006, Ds Freddie Schoeman

[1]Ons het die afgelope weke gekyk na die verskillende aspekte van ons verhouding met mekaar as lede van die huisgesin van God:

- ☐ Die fondament waarop ons verhouding met mekaar gebou word: GENADE - kom tot uitting wanneer ons mekaar vergewe
- ☐ Die konteks (atmosfeer, omgewing) waarbinne ons verhouding met mekaar funksioneer: GEMEENSKAP - kom tot uitting wanneer ons mekaar versorg
- ☐ Die kern waarrondom ons verhouding met mekaar wentel: GEBED. Dit kom tot uitting wanneer ons mekaar versterk deur gesamentlike aanbidding en voorbidding vir mekaar
- ☐ Die potensiaal wat daar in ons verhouding met mekaar geleë is: GROEI. Dit kom tot uitting wanneer ons mekaar verryk deur mekaar met die gawes wat die Gees vir ons gegee het dien.

Vandag kom ons by die doel van ons verhouding met mekaar: GEHOORSAAMHEID. Dit kom tot uitting wanneer ons ons funksie binne die liggaam van Christus vervul.

[2]Ons tema is dus: *Vervul jou funksie in die huisgesin van God*

Skriflesing: Efesiërs 4:1-16.

> *[3]Hy is immers die hoof,* [16] *en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.* (Ef 4:15b-16)

[4]Wat sê hierdie teks?

-->1. Christus is die hoof van die kerk! Dit beteken Hy is die leier - ons volg Hom. Sy opdragte, sy wense is ons vernaamste prioriteit. Ons is nie 'n gemeente ter wille van onsself nie - ons is hier ter wille van Christus en ter wille van dit wat Hy van ons verwag. Ons is onder sy mag en onder sy gesag.

-->2. Ons is Christus se liggaam op aarde. Ons is sy hande en sy voete. Deur ons, die gemeente, is Christus liggaamlik teenwoordig op aarde. Sy Gees is in ons en deur sy Gees rig Hy, wat die Hoof van die

liggaam is, ons, die ledemate van die liggaam om te doen wat Hy wil doen.

-->3. Ons is verskillend van mekaar maar tog vorm ons 'n eenheid. Ons pas bymekaar. Maar slegs as elkeen sy funksie vervul. Indien nie, verswak die liggaam. Atrofie vind plaas. Maar indien wel, word die liggaam opgebou in liefde. Dan is daar krag en vitaliteit.

Wanneer word ons deel van die liggaam? Wanneer ons gedoop word! Wanneer ons gedoop word, word ons as't ware ingelyf in die liggaam van Christus.

Maar, vir elke lidmaat om hulle funksie te kan vervul, moet hulle daarvoor toegerus word. Elke lidmaat moet bekwaam gemaak word, en daar moet leiding en organisasie wees.

[5]Vir hierdie doel, sien ons in Ef 4:11, dat Jesus aan die kerk vyf soorte mense gee as gawes.

> *11 En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.* (Ef 5:11)

Om die kerk, die lidmate toe te rus om hulle funksie te kan vervul, om lidmate te rig, te lei en te organiseer, gee die Here dan vyf soorte mense aan die kerk as gawes:

Die Here gee *apostels* vir die kerk, die Here gee *profete* vir die kerk, die Here gee *evangeliste* vir die kerk, die Here gee *herders* vir die kerk, en die Here gee *leraars* vir die kerk.

Hoekom gee die Here hierdie vyf soorte persone vir die kerk?

Baie eenvoudig: want daar is vyf dinge wat die Here wil hê die kerk moet doen op aarde totdat Hy weer kom. In die tyd voor die Here kom moet ons besig wees met vyf dinge. En die taak van hierdie vyf soort persone / mense wat die Here vir die kerk gee, is om die gemeente toe te rus (te help, te lei, organiseer) om elkeen van hierdie vyf dinge te doen.

Wat is dit?

[6]Evangelisasie taak - om God se liefde in woord en daad ten toon te stel (ons moet vir die wêreld wys - praktiese maniere - dat God leef, dat Hy omgee, dat Hy vir mense lief is). Daar is baie mense wat tussen ons leef wat nie die liefde van die Here ken nie. Hulle is ons buurmanne en -vroue. Ons moet die liefde van die Here vir hulle wys. Om dit te kan doen, moet iemand ons toerus, iemand moet ons help, daar moet so 'n bietjie leiding en organisasie wees. Hiervoor gee die Here *evangeliste*.

[7]Herderlike taak - om onderlinge gemeenskap te vestig en uit te bou. Elke gemeente het die taak om te sorg dat die gemeente 'n warm sorgsame gemeenskap is wat vir mekaar omgee vir mekaar sorg - soveel so dat ander deel wil wees daarvan. Daar is baie mense in die gemeente wat nie deel is van die netwerk nie; wat tussen die krake deurval; wat nie opgevang word nie; vir wie daar nie gesorg word nie. Hulle is lidmate, hulle name is op die boeke, maar hulle is nie ingetrek in 'n warm sorgsame gemeenskap nie. Ons moet dit doen. Maar om dit te kan doen moet ons bekwaam gemaak word, ons moet gehelp word, daar moet so 'n bietjie leiding en organisasie wees. Hiervoor gee die Here herders.

[8]Profetiese taak - om sorg te dra dat daar kontak tussen ons en die Here is en ons verhouding met Hom uit te bou en te versterk. Die taak van profete van die OT was om die wil van die Here aan die volk bekend te maak; om 'n verbindingslyn tussen die Here en die volk te bewerkstellig. Telkens klink die oproep van 'n OT profeet aan die afgedwaalde volk om weer met die Here kontak te maak. Elke gemeente word geroep om naby aan die Here te leef deur persoonlike gebed en gesamentlike aanbidding. Ons moet dit nie verwaarloos nie. Om die gemeente in hierdie opsig te help, te rig, te lei en te organiseer gee die Here profete.

[9]Leer taak - om die Woord van God op mense se harte te skryf. In die Bybelse sin van die woord gaan dit nie net oor kennisoordrag nie. Dit gaan oor lewensverandering. Lering gaan dus nie oor informasie nie, maar transformasie. Die vernaamste instrument is die Woord van die Here. Deur sy Gees skryf die Here sy Woord op die tafels van ons harte - maar Hy gebruik mense om dit te doen. Maar daar is mense wat hierdie lering moet deurgee, wat ons moet help om ons lewens te verander. Hiervoor gee die Here leraars.

[10]Sending taak - om elke lidmaat te help om sy haar lewensroeping te ontdek. (Groot misverstand). Elkeen is 'n gestuurde (sendeling).
[11](Ef 2:10) Gaan hier nie net oor kerklike betrokkenheid nie. Dit

sluit dit dalk in, maar is nie daartoe beperk nie. Dis iets wat ons in die wêreld waarin ons leef doen en selfs iets wat ons in en deur die beroep wat ons beoefen of die werk wat ons doen uitvoer. Dit het iets te doen met God se Koninkryk. Maar iemand moet ons help om ons lewensroeping te ontdek. Iemand moet ons in die regte rigting wys. Hiervoor gee die Here apostels.

Die gemeente, ons gemeente, het dus vyf belangrike take om uit te voer totdat Christus weer kom. Ons is Christus se liggaam op aarde, Hy is ons Hoof, as liggaam moet ons dit doen wat ons Hoof vir ons sê om te doen.

Maar hier is die belangrike punt vir vandag: *elkeen van ons moet op die een of ander manier help dat ons as gemeente aan die Here gehoorsaam kan wees*! Ons het elkeen 'n funksie om te vervul. Wanneer elkeen ons funksie vervul - dan word die liggaam (die gemeente) opgebou. Dan is daar krag en vitaliteit. Dan lewe die gemeente!

Maar as net een lidmaat nie sy/haar funksie vervul nie is die gemeente dienooreenkomstig swakker. As daar twee persone wat nie hulle funksie vervul nie - dubbel soveel swakker. Of drie of vier of vyf, of honderd, of driehonderd of vyfhonderd ... .

Elkeen het vanoggend 'n dringende vraag om onsself af te vra: wat is my funksie in die liggaam van Christus? Miskien is jy alreeds besig om jou funksie te vervul - of miskien is jy besig om iemand anders se funksie te vervul omdat daardie persoon wat daardie funksie eintlik moet vervul nie na die partytjie toe gekom het nie. Of miskien weet jy in jou hart jy is nie besig om die funksie te vervul wat die Here vir jou in sy liggaam het nie.

'n Ander manier om dieselfde vraag te vra is dit: is jy besig om 'n bydrae te maak om die droom wat die Here vir die gemeente het waar te maak? Elkeen van die vyf aspekte van ons gemeente se droom korrespondeer met elkeen van hierdie vyf take:

Die eerste aspek van ons droom korrespondeer met ons evangelisasie taak:

Ons droom van 'n gemeente ...

- Waar elkeen weet God se **genade** beteken Hy het elke mens onvoorwaardelik lief en waar elkeen dit in dankbaarheid aanvaar; (Joh 3:16; Lukas 15; 2 Pet 3:9; Lukas 7:36-50)
- wat mekáár genadig is deur mekaar lief te hê, geduld met mekaar te beoefen en mekaar te vergewe; (Matt 18; 1 Joh 4; 1 Kor 13) en
- wat God se liefde deur praktiese diens aan die samelewing toon. (Matt 25:31-46; Jak 1:26)

Lê jou funksie hier? Sien jy jouself in een van hierdie sake?

Die tweede aspek van ons droom kom ooreen met ons herderlike taak:

- Wat in **gemeenskap** met die Vader en met mekaar onder sy sorgsame liefde groei en gedy (Matt 6:25-34);
- wat as huisgesin van God soos familie met mekaar saamleef en waar almal tuis is en voel (Ef 2:19) ; en
- waar die warmte van hulle onderlinge liefde aantreklik is vir mense wat (nog nie) deel daarvan is nie (Joh 13:34-35).

Miskien lê funksie in die waar-maak van een van hierdie aspekte?

Die derde aspek van ons droom kom ooreen met ons profetiese taak.

- Waar elkeen naby God leef deur gereeld in **gebed** na Hom toe gaan (Matt 6:5-15; Lukas 11:1-13; 5:16; 6:12);
- wat God in hulle samekomste met opgewondenheid en toewyding eer, dien en aanbid (2 Kron 5:11-14; Hand 4:23-31; Heb 10:24-25); en
- wie se deernis met die nood van die wêreld hulle dring om gereeld daarvoor by Hom in te tree (Matt 6:9-10; Matt 14:14).

Of lê jou funksie dalk hier?

Die vierde aspek van ons droom kom ooreen met ons leer-taak.

- Waar elkeen in geloof **groei** en al hoe meer Jesus se karakter en gesindheid toon (Rom 12:1-2; Joh 13:12-17; 2 Kor 3:18; Kol 3:10);
- waar elkeen toegerus word vir hulle dienswerk (Heb 10:24; Ef 4:11 en 12; 2 Tim 3:16-17; Ef 2:10); en
- wat deur sout-wees en lig-wees die wêreld 'n beter plek maak (Matt 5:13-16).

Wat van hier?

Die vyfde aspek van ons droom kom ooreen met ons sending-taak.

- Wat **gehoorsaam** is aan God se roeping om sy koninkryk in die wêreld te vestig (Markus 1:15; Matt 10:7-8; Luk 4:17-19; Op. 21:1-5) ;
- waar lidmate hulle funksie in die liggaam getrou en met geesdrif vervul (Ef 4:16; 1 Kor 12); en
- waar lidmate hulle lewensroeping ontdek en dit ywerig nastreef (Joh 20:21; Markus 8:33-38; Hand 1:8.

Miskien wil die Here jou gebruik om een van hierdie aspekte waar te maak?

Ek wil afsluit met 'n paar vrae:

Wat is jou funksie? Is jy besig om dit vervul? Indien wel, wonderlik! Baie dankie! Indien nie, hoekom nie? Wat hou jou terug om die wonderlike potensiaal wat die Here in jou geplaas het tot voordeel van die liggaam van Christus te gebruik?